higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN780**(A)**(N20)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4

(6030134)

20 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

DIE VRAESTEL, WAT DIE INSTRUKSIES INSLUIT, MOET 30 MINUTE VOOR DIE AANVANG VAN DIE EKSAMEN AAN TOESIGHOUERS EN KANDIDATE OORHANDIG WORD.

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES AAN TOESIGHOUERS EN KANDIDATE

LEES DIE INSTRUKSIES AANDAGTIG DEUR VOORDAT JY DIE VRAE BEANTWOORD. TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Teksverwerking (100 punte)
   AFDELING B: Sigblaaie (100 punte)

   AFDELING A word met behulp van 'n woordverwerkingsprogram gedoen. Ongeveer 1 uur 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

   AFDELING B word met behulp van 'n sigbladprogram gedoen. Ongeveer 1 uur 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. In geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar of drukker wat onklaar raak, moet die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidate om voort te gaan en die werklike verlore tyd moet bygevoeg word.

5. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers is, byvoorbeeld 'n ê word nie gedruk nie, moet 'n verslag hieroor saam met die sentrum se DRUKSTUKKE gestuur word.

6. Kandidate word toegelaat om 'n rekenaarliniaal, 'n woordeboek en 'n ASCII-kodelys te gebruik. 'n Speltoetser mag gebruik word.

7. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike bladsy en slegs aan EEN KANT van die bladsy gedruk word. DRUKSTUKKE moet in die EKSAMENOMSLAG geplaas word.

8. Aan die einde van die eksamensessie moet ALLE DRUKSTUKKE wat 'n kandidaat wil laat nasien, in die EKSAMENOMSLAG geplaas word in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel. ALLE ander DRUKSTUKKE, saam met die EKSAMENOMSLAG, moet aan die toesighouer gegee word. GEEN drukstukke mag uit die eksamenlokaal verwyder of in die snippermandjie geplaas word nie. Drukstukke wat nie vir nasien ingegee word nie moet aan die einde van elke sessie deur die toesighouer versamel en aan die einde van die dag vernietig word.

Kopiereg voorbehou

9. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag of onderafdeling mag ingegee word. Kandidate sal gepenaliseer word as meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste DRUKSTUK sal nagesien word.

10. ALLE werk op die rekenaar moet gereeld gestoor word om verlies van werk in geval van 'n kragonderbreking te voorkom. GEEN addisionele tyd MAG toegelaat word vir werk wat verloor is nie. Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om antwoorde teen uitwissing te beskerm.

11. In AFDELING A van die vraestel mag slegs Courier New 12 pt gebruik word. In AFDELING B van die vraestel mag Courier New 12 pt, Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word. In AFDELING B moet kantruimtes van 2.54 cm/1" gebruik word tensy 'n ander instruksie gegee word.

12. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER by elke vraag in. GEEN antwoorde sonder EKSAMENNOMMERS sal nagesien word nie.

13. Om die oorspronklike sowel as die geredigeerde antwoorde te kan druk, word kandidate daaraan herinner om na elke aparte afdeling die werk te stoor voordat dit gedruk word.

14. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde asook 'n disket met die antwoorde (duidelik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER op die omslag gemerk) ingee. Indien 'n netwerk gebruik word, moet die IT-ondersteuning 'n rugsteunkopie van AL die kandidate se werk maak onder toesig van die toesighouers. (Hierdie diskette en/of rugsteunkopieë moet aan die eksamenafdeling oorhandig word vir veilige bewaring vir SES maande ingeval die eksaminator/moderator en superintendente van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding enige navrae het.)

15. GEEN vraestel mag uit die eksamenlokaal geneem word voor minstens EEN uur na die aanvang van die laaste sessie nie. Alle vraestelle moet gevolglik ingegee word en kan na afloop van die eksamen aan kandidate teruggegee word.

16. In geval 'n vraestel in meer as een sessie geskryf word, moet toesighouers verseker dat alle antwoorde van kandidate van die hardeskywe of netwerk verwyder is voordat die kandidate van die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

17. GEEN kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket vir 'n ander kandidaat beskikbaar stel of toegang tot 'n ander kandidaat se werk op die netwerk verkry nie. Enige poging om toegang tot ander kandidate se inligting te verkry of om inligting op enige manier na ander kandidate oor te dra is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n ernstige lig beskou word.

MOENIE OMBLAAI VOORDAT JY DIE INSTRUKSIE VAN DIE TOESIGHOUER ONTVANG NIE.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

Gebruik 'n woordverwerkingsprogram om die volgende vrae te beantwoord. Ongeveer 1 uur 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

VRAAG 1

Hierdie vraag is reeds ingesleutel en op die datadisket/hardeskyf gestoor. Moet NIE die dokument oortik of druk nie.

VRAAG 1B

1. Herwin die dokument wat as V1A op jou datadisket/hardeskyf gestoor is.

2. Verander die VRAAGNOMMER in die kopskrif na V1B en voeg jou EKSAMENNOMMER links in die kopskrif in.

3. Voeg die bladsybreuk in soos aangedui in die teks.

4. Verander die linker- en regterkantruimte na 5.08 cm/2" SLEGS vir die eerste bladsy.

5. Redigeer volgens die proefleestekens in die teks.

6. Stoor die dokument as V1B.

7. Druk die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

Λ Kaapstadse waterkrisis **bk, vetdruk, sentreer**

ǂ

Die droogte in die Wes-Kaap sedert ~~2015~~ 2017 het tot 'n ernstige watertekort in die streek gelei wat veral die inwoners van Kaapstad raak. [Ondanks waterbesparingsmaatreëls, word voorspel dat damvlakke tot kritieke lae vlakke sal daal en die stad maak planne vir Dag Zero, wanneer die munisipale watertoevoer grootliks afgesluit sal word. As dit gebeur sal Kaapstad die eerste groot stad sonder water wees.

stet

NP

vetdruk

Kandidaat:
Verander die linker- en regterkantruimte van die eerste bladsy na 5.08 cm/2".

----------Bladsybreuk----------

Λ 1. Bevolkingsaanwas **bk, onderstreep**

ǂ

Kaapstad se bevolking het gegroei van 2.4 miljoen inwoners in 1995 tot 'n geraamde 4.3 miljoen in 2018, wat 'n toename van 79% binne 23 jaar verteenwoordig terwyl die opgaardamme se vermoë in periode dieselfde met slegs 15 persent gestyg het. In 2016/2017 het 64.5 persent van die stad se watertoevoer na huise, woonstelle en behuisingskomplekse gegaan, terwyl 3.6 persent na informele nedersettings gevloei het.

trs

ǂ

Λ 2. Lae winterreënval **bk, onderstreep**

ǂ

Periodes van lae winterreënval in 2000/2001 en in 2003/2004 het daartoe gelei dat waterbeperkings ingestel is. In 2007 het die stad 'n 10-jaar waterbestuurstrategie geïmplementeer, wat die jaarlikse verbruik ondanks die volgehoue bevolkingsaanwas suksesvol op of onder die 1999-vlak gehou het.

ǂ

Λ 3. Stoorkapasiteit: Damme **bk, onderstreep**

ǂ

In 2009 is die opgaarvermoë van die damme wat water aan Kaapstad voorsien met die voltooiing van die Bergrivierdam met 17% van 768 miljoen kubieke meter tot 898 miljoen kubieke meter verhoog. Ondanks die verhoogde stoorkapasiteit het die Departement van Waterwese en Bosbou voorspel dat die stad teen 2019 weens die groeiende vraag nog meer waterbronne nodig sal hê.

voluit

Kandidaat:

* **Nommer paragrawe**
* **Laat TWEE letterspasies na nommers**
* **Keep paragrawe korrek in**

[29]

VRAAG 2A

1. Sleutel die dokument in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V2A in hoofletters regsbelyn in as kopskrif (*header*).

3. Stoor die dokument as V2A.

4. Druk die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Waterwys Wateropgaar glo dat elkeen die reg het op skoon water om te drink en vir huishoudelike doeleindes. Ons doel is om aan ons klante die middele te voorsien om hul wateropberging voorraad te bestuur, selfs in tyd van droogte.

‡

Om dit te kan doen bied ons 'n wye reeks waterstoortenks wat spesifiek ontwerp is om aan elke klant se spesifieke behoeftes en beskikbare spasie te voldoen. Water word dan bestuur deur reënwater vir huishoudelike doeleindes te gebruik.

‡

Ons doen dit deur waterbestuuroplossings spesifiek vir jou huis te ontwikkel. Deur seker te maak ons produkte voldoen aan gesondheids- en veiligheidsregulasies. Deur kwaliteitprodukte te verskaf wat lank sal hou. Deur die bestuur van waterhulpbronne in die hande van ons klante te plaas. Deur ons klante selfvoorsienend te maak in tye van droogte.

(9)

VRAAG 2B

1. Herwin die dokument V2A van jou datadisket/hardeskyf.
2. Verander die vraagnommer na V2B in die kopskrif (*header*).
3. Redigeer die dokument volgens die proefleestekens wat in die teks aangedui is.
4. Stoor die dokument as V2B.
5. Druk die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.



(30)
[39]

VRAAG 3

1. Sleutel die dokument in soos dit hier onder en op die volgende bladsy verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V3 in hoofletters regsbelyn in as kopskrif (*header*).

3. Verander die linkerkantruimte vir die hele dokument na 3.81 cm/1.5".

4. Stoor die dokument as V3.

5. Druk die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.



VRAAG 3 (VERVOLG)

Die voltooide vrystellingsvorm kan hier ingegee word:

Instapsentrums: 08:00–16:00 (weeksdae)

OF **bk, vetdruk**

E-pos dit na: water@capetown.gov.za

~~laer~~ hoër **stet**

Inwoners wat geldige redes het vir waterverbruik (soos meer as vier mense wat permanent op die eiendom bly of mediese redes) moet 'n beëdigde verklaring saamstuur. **kursief**

Dankie vir die samewerking in hierdie verband.

Saam kan ons 'n verskil maak! **vetdruk, sentreer**

[32]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B: SIGBLAD

Gebruik 'n sigbladprogram om die volgende vrae te beantwoord. Ongeveer 1 uur 30 minute moet aan hierdie afdeling afgestaan word.

VRAAG 4

VRAAG 4A

1. Sleutel die sigblad in soos hier onder aangedui.
2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V4A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.
3. Verstel kolomwydtes waar nodig sodat die sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE die *fit-to-page*-funksie gebruik nie.
4. Formateer syfers soos hier onder aangedui.
5. Stoor die dokument as V4A.
6. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Grootste damme	Mei 2017	Mei 2016	Mei 2015
Bergrivierdam	32,4	27,2	54
Onder-Steenbras	26,5	37,6	47,9
Bo-Steenbras	56,7	56,9	57,8
Theewaterskloofdam	15	31,3	51,3
Voëlvleidam	17,2	21,3	42,5
Wemmershoekdam	36	48,5	50,5

(9)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4B

1. Herwin die sigblad V4A van jou datadisket/hardeskyf.

2. Verander die vraagnommer na V4B in die kopskrif.

3. Redigeer die sigblad volgens die proefleestekens in die teks.

4. Voorsien formules vir die volgende:

   A Syfers vir Mei 2018 – Syfers vir Mei 2017
   B Totale kapasiteit van alle damme vir elke jaar

5. Voeg horisontale lyne in soos aangedui met die metode waarmee jy vertroud is.

6. Verstel kolomwydtes waar nodig sodat die hele sigblad op EEN A4-landskapbladsy pas. Moet NIE die *fit-to-page*-funksie gebruik nie.

7. Stoor die sigblad as V4B.

8. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4B (VERVOLG)

Λ kolom B Wes-Kaapse Watervoorsieningstelsel — bk, vetdruk

Oop reël

Λ Watervlakke as persentasie van totale damkapasiteit — kursief

Oop reël	**Λ voeg kolom in**				**Λ voeg kolom in**
Grootste damme	Mei 2018	Mei 2017	Mei 2016	Mei 2015	Verhoging in 2018
Oop reël					
Bergrivierdam	51,6	32,4	27,2	54	**A**
Onder-Steenbras	36,6	26,5	37,6	47,9	
Bo-Steenbras	93,1	56,7	56,9	57,8	
Theewaterskloofdam	11	15	31,3	51,3	
Voëlvleidam	15,8	17,2	21,3	42,5	
Wemmershoekdam	45,3	36	48,5	50,5	
Oop reël					
Λ TOTALE KAPASITEIT (persentasie)	**B** →				

bk, vetdruk, sentreer

vetdruk

(24)
[33]

VRAAG 5A

1. Sleutel die sigblad in soos hier onder aangedui.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V5A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Verstel kolomwydtes waar nodig sodat die hele sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE die *fit-to-page*-funksie gebruik nie.

4. Stoor die dokument as V5A.

5. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Naam: Datum:
Rekeningnr.: Verw.:

tenk	kapasiteit (liter)	aantal bestel	bedrag R
Vertikale tenk	200		
	500		
	1000		
Horisontale tenk	50		
	150		
Onderwatertenk	200		
	500		
	1000		
Polidromtenk	900		

(9)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5B

1. Herwin die sigblad V5A van jou datadisket/hardeskyf.

2. Verander die vraagnommer na V5B in die kopskrif.

3. Redigeer die sigblad volgens die proefleestekens in die teks.

4. Voorsien formules vir die volgende:

   A Prys * Aantal bestel
   B Som van alle bestelde produkte
   C Totaal vir alle produkte * 14%
   D Som van totaal vir alle produkte + BTW @ 14%

5. Voeg horisontale lyne in soos aangedui met die metode waarmee jy vertroud is.

6. Verstel kolomwydtes waar nodig sodat die hele sigblad op EEN A4-landskapbladsy pas. Moet NIE die *fit-to-page*-funksie gebruik nie.

7. Stoor die dokument as V5B.

8. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5B (VERVOLG)



tenk	kapasiteit (liter)	Prys	aantal bestel	bedrag R
Vertikale tenk	200	1400		
	500	1950	2	A
	1000	2650		
Horisontale tenk	50	850		
	150	1350	3	
Onderwatertenk	200	1550		
	500	2200		
	1000	3100		
Polidromtenk	900	3450	1	
totaal				B
btw @ 14%				C
Totale bedrag verskuldig				D

(27)
[36]

VRAAG 6A

1. Sleutel die sigblad in soos aangedui op die volgende bladsy.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V6A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Voorsien formules vir die volgende:

   A Som van debietinskrywings vir balansstaatafdeling
   B Som van kredietinskrywings vir balansstaatafdeling
   C Som van debietinskrywings vir nominale rekeningafdeling
   D Som van kredietinskrywings vir nominale rekeningafdeling
   E Som van debiete en krediete vir balansstaat en nominale rekeningafdeling

4. Voeg horisontale lyne in soos aangedui met die metode waarmee jy vertroud is.

5. Verstel kolomwydtes waar nodig sodat die hele sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE die *fit-to-page*-funksie gebruik nie.

6. Stoor die dokument as V6A.

7. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.



(26)

VRAAG 6B

1. Herwin die sigblad V6A van jou datadisket/hardeskyf.

2. Verander die vraagnommer na V6B in die kopskrif.

3. Vertoon die formules.

4. Verstel kolomwydtes waar nodig om ALLE formules te vertoon en sodat die hele sigblad op EEN A4-portretbladsy pas. Moet NIE die *fit-to-page*-funksie gebruik nie.

5. Stoor die dokument as V6B.

6. Druk die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

(5)
[31]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou